RIGLYNE RAKENDE SEREMONIE

Bewyse en Dokumente Benodig:

Die volgende dokumente moet aan die huweliksbevestiger verskaf word:

- Afskrifte van identiteitsdokumente vir **beide persone wat in die huwelik tree**, sowel as **beide persone wat as getuies teken.**
- Indien ’n **minderjarige** (onder die ouderdom van 18 jaar) trou, die skriftelike toestemming van beide ouers / wettige voogde / die Kommissaris van Kindersorg / ’n regter. Vorm BI 32 word hiervoor voltooi. Sou die ouderdom van die seun onder 18 en die meisie onder 15 wees, word die skriftelike toestemming van die Minister van Binnelandse Sake ook vereis.
- Indien enigeen van die bruid of bruidegom **geskei is, die finale egskeidingsbevel**.
- Indien enigeen van die bruid of bruidegom ’n **weduwee of wewenaar is, die oorlede huweliksmaat se doodsertifikaat.**

Paspoort-grootte **foto’s** van die egpaar (kleur of swart-en-wit) moet aan elk van die drie register afskrifte gekram word. (By die “ou” vorms wat die meeste HB’s nog gebruik, word dit gewoonlik voorop bo-aan die register gekram – of soos met individuele DBS-streekkantore uitgeklaar; by die “nuwe” registers is daar ’n plek daarvoor.) **Drie foto’s van beide die bruid en bruidegom is dus nodig.**

Linker duimafdrukke van die man en vrou moet op elk van die register afskrifte kom. Dit kan met ’n gewone swart ink kussinkie gemaak word. (Op die “nuwe” vorms is daar ’n spesifieke plek daarvoor, op die “ou” vorms kom dit langs die plek waar die man en vrou teken).

’n Afskrif van die **prokureursbrief rakende huweliksvoorwaardes** (indien van toepassing) word ingehandig.

Die DBS moet **die eerste blad van die huweliksregister** kry. Die nuwe reëling is dat ’n afskrif ook aan die egpaar voorsien word. Jy kan die tweede blad (eerste kopie) van die huweliksregister aan die egpaar gee, en dan ’n fotostaat saam met die oorspronklike by die DBS indien; of jy kan ’n fotostaat aan die egpaar besorg na die huwelik, en die oorspronklike saam met die eerste kopie by die DBS inhandig. Die derde blad (tweede kopie) bly soos voorheen, in jou boek.

Ou registers: Die reëling is tans dat die bestaande boek met huweliksregisters gebruik word totdat dit vol is. Daarna kry huweliksbevestigers ’n nuwe boek wat aangepas is vir die nuwe vereistes.

Buite SA-grense:

Huweliksbevestigers word geregistreer om **binne Suid-Afrika se landsgrense** huwelike te mag bevestig. Om elders ’n huwelik te bevestig, is die bykomende vereiste dat jou sinodale kantoor

twee tot drie weke voor so ’n huwelik namens jou by die Departement van Binnelandse Sake (DBS) aansoek doen om ’n eendag-permit volgens Artikel 10 van die huwelikswet.

Alle relevante inligting moet in so ’n aansoek verskaf word. **Kontroleer dit vooraf by jou plaaslike kantoor van die DBS!** Dit sluit in:

- Volle name, van en benoemingsnommer as huweliksbevestiger (V/Q/B-nommer van huweliksbevestiger)
- Volle name en van van beide die bruid en bruidegom
- ID-nommers van bruid en bruidegom
- Plek waar die huwelik voltrek word (nie in die buitelug nie, steeds in ’n toepaslike gebou)
- Datum van die huwelik
- Die permanente adres van waar die bruidegom woon, moet ook verskaf word.

Handhaaf ‘n positiewe verhouding met die DBS-kantoor waar jy geregistreer is, om sodoende te verseker dat jy die jongste en volledige inligting hieroor kry.

Plek van huwelik:

Die wetgewing rakende die plek (gebou) waar ’n huwelik plaasvind, het nie verander nie. Artikel 29 van die Huwelikswet van 1961 stel dit as volg: “A marriage officer [shall] may solemnize any marriage in a church or other building used for religious service, or in a public office or private dwelling-house, with open doors,…”